# Laerskool Villieria

100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186


15 Maart 2024

Geagte ouers/voogde

## NUUSBRIEF 10/2024

**NUWE-/BELANGRIKE BOODSKAPPE**

**OP- EN AFLAAIFASILITEITE**

✓ Valley Methodist Church (29ste Laan)
✓ Christ Life Ministries (30ste Laan – Kerkhekkie)

Dit is met absolute afgryse en hartseer wat ek vandag elke liewe ouer/voog wil meedeel van soveel as vyf voertuie wat die afgelope Vrydag, weens ongeduld, dwars oor die grasperk, reg voor die kerk en die simboliese Golgotha en Kruise die kerkhekkie terrein verlaat het.

Ek dink nie ons besef watter voorreg en voordeel ons skool geniet met hierdie op- en aflaaisones, seker een van die enigste skole in die land.
**Wil ons regtig hierdie voorreg verloor?**
**As jy die ongeduldige soort is, bly weg van die 30ste Laan (Kerkhekkie) op- en aflaaisone!!!**

**KASKARBELONING**

Het ons vergeet? … NEE!!!
Dinsdag, 19 Maart 2024, ons beloning vir een ongelooflike suksesvolle Kaskar 2023:

✓ Geen akademie;
✓ Bring 'n piekniekdingetjie vir oorbaan (Rugbyveld);
✓ Leerders trek hul Kaskarhemp aan of gewone klere;
✓ Elke kind kry 'n roomys;
✓ Skool verdaag 11:00;
✓ Leerders ontvang rapporte.

**GRAAD R (2025)**

Moenie slaap nie, my dierbare Villies. Graad R (2025) se aansoek om inskrywing is reeds oop en vele is alreeds ingehandig. Ons doen 'n beroep op ons bestaande ouers/voogde wat ook kinders in groter grade het, wie 'n graad R-kind wil inskryf by ons volgende jaar, om baie spoedig hul aansoekvorms in te gee.

**VERLORE KLERE**

U het kans tot volgende week wanneer die skool sluit vir kwartaal 1, om te kom kyk vir u kind se verlore klere. Daarna sal die kratte met verlore klere geskenk word.

**SPORT**

- **Skaak**

  Oefentye vir die komende week:

  | | | | |
  |---|---|---|---|
  | ✓ Maandag | Graad 2 en 3 | 13:30 – 14:15 | (Klas 53) |
  | ✓ Maandag | Graad 4 en 5 | 13:45 – 14:30 | (Klas 30) |
  | ✓ Maandag | Graad 6 en 7 | 13:45 – 14:30 | (Klas 29) |

- **Rugby**

  - **Bulletjierugby (Graad R- tot 2-seuns)**

    Betrokke ouers/voogde kan nou die seisoengeld betaal van R430.00 Betaling vir die Bulletjieseisoen sal gehef word op u skoolgeldrekening. Alle betalings word slegs by die finansiële kantoor gedoen, of per EFT-betaling waarvan die verwysingsnommer as volg is: U familiekode met die woord "Bul."
    Vir enige verdere inligting, kontak mnr. Johan Basson by 0827785800.

    Oefentye vir die komende week:

    ✓ Maandag 17:00 – 18:00

    Wedstryde:
    Wedstryde op Saterdag, 16 Maart 2024 te Midstream College.

    Bulletjietruie:
    Ons vra om verskoning vir die wag van die truie. Die verskaffer vereis dat die truie deur die Klerehub bestel word. Ons het reeds aan die begin van Februarie, die Bulletjie Bestuur in kennis gestel van die veranderinge sodat ons die truie betyds kan hê. Ongelukkig moes ons wag vir bevestiging van truigroottes en ontwerp wat die proses bietjie vertraag het.

    Ondersteunerstruie:
    Goeie nuus!!! Die amptelike ondersteunerstruie het geland by Villies Klerehub. Pryse begin by R245 tot en met Large, daarna gaan pryse R10 op per grootte.

  - **Seuns o/9 – o/13**

    ✓ Geen oefening volgende week nie. Oefening hervat weer in kwartaal 2.

  - **Rugbytoere**

    ✓ o/9 en o/10 toer na Zwartskloof 15 – 17 Maart 2024
    ✓ o/11 en o/13 toer na Laerskool Pionier (Volksrust) 17 – 20 Maart 2024
    Sterkte aan al die spelers.

- **Netbal**

  - **Mandjie-Netbal**

    ✓ Geen oefening volgende week nie. Oefening hervat weer in kwartaal 2.

  - **Mini-Netbal**

    ✓ Geen oefening volgende week nie.
    Dogters wat span behaal het, ontvang vandag hul briewe. Stuur asseblief die skeurstrokies terug vir juffrou Carlen Champion op Maandag, 18 Maart 2024.

- **Dogters o/10 – o/13**
  - ✓ Geen oefening volgende week nie.  Oefening hervat weer in kwartaal 2.

  - ✓ Netbaltoer
    o/10 tot o/13 toer na Laerskool Middelburg 20 – 21 Maart 2024
    Sterkte aan al die spelers.

**HERHALENDE BOODSKAPPE**

**VILLIES OMGEEPROJEK**
Dis ook daai tyd van die kwartaal wat Villiesouers vir sy eie ouergemeenskap so ietsie buite die gewone kan doen.  Ons skool is ook hier en daar gemoeid met ‘n voedselprojek aan gesinne wat dit broodnodig het.
Skenk asseblief nie-bederfbare produkte voor of op Woensdag, 20 Maart 2024 en maak ‘n verskil.
Aflewering by klaskamer 25 (Juf. Lindie van der Bank).

**GRAAD 6- EN 7-OPVOEDKUNDIGE TOER (Veldskool)**
Alle graad 6- en 7-leerders het Dinsdag, 30 Januarie 2024 briewe ontvang rakende hul opvoedkundige toer gedurende Oktober 2024.  Neem vroegtydig kennis van die betalingsopsies. Indien EFT-betalings, wees seker u maak gebruik van u familiekode en die woord “Veldskool” as verwysing.

**SPORT**

- **Hekkies (Afrigting)**
  Kontak asseblief mev. Myrtle Grobler by 0828201989 vir navrae en meer inligting rakende hekkies.  Afrigting/oefening vind plaas by Hoërskool Oos-Moot.

- **Fietsry**
  Indien jy enigsins al die gevoel gekry het dat jy tog jou kind vir ‘n slag van die rusbank af wil kry, hier is jou kans.  Laerskool Villieria is geaffilieer by Gauteng-Noord Skole Fietsry.
  ‘n Laerskool Villieria gazebo sal sigbaar wees by die byeenkomste vir leerders en/of ouers wat navrae het of sommer net ‘n draai daar wil maak.
  Vir alle fietsry navrae, kontak mnr. Dewald van der Merwe – 0605199342.
  Sien onderstaande advertensie vir alle nodige inligting om in te skryf vir die opkomende byeenkomste.

- **Hengel**
  Goedkeuring is verleen, soos met fietsry, dat belangstellende leerders van ons skool by hierdie aktiwiteit betrokke kan raak en onder ons skool se naam mag deelneem.  Of u kind(ers) al vis gevang het of nie, alle leerders is welkom.  Hierdie aktiwiteit funksioneer heeltemal op sy eie.  Geen personeel van ons skool is betrokke nie.
  Kontak asseblief vir mnr. Nico Stapelberg by 0609240851 of stapelberg911@gmail.com
  Leerders wie Provinsiale- en/of Nasionale Kleure verwerf, sal wel tydens ons weeklikse saalopeninge erkenning kry en mag soos enige ander prestasie op Vrydae hul Provinsiale en/of Nasionale Kleure skool toe aantrek.

**KULTUUR**

- **Massa-Revue**
  Ons nooi graag alle graad 6 en 7 leerders wat kan dans uit om te kom deelneem aan die oudisies vir ‘n uitgewerkte item wat deel vorm van die Massa-revue optrede wat in Augustus 2024 plaasvind. Oudisies sal op Maandag, 18 Maart 2024 vanaf 13:30 – 15:00 in die skoolsaal plaasvind.  Hierdie groep sal in kwartaal 2 op ‘n Maandag- en ‘n Woensdagmiddag vanaf 13:30 – 14:30 oefen.

## GEDAGTE VIR DIE WEEK




Villiesgroete

**DP HAASBROEK**
**HOOF**

***SIEN ADVERTENSIES OP VOLGENDE BLADSYE***




NEXOR Signs

1031 Nico Smith st.
Villieria
P O Box 31605
Waverley
0135

- Tel : 012 333 2629
- Tel : 012 333 3384
- Cell: 079 018 3230
- Tel : 012 333 3676
- Fax: 086 652 6642
- Cell: 064 908 6912
- Email: nexorsigns@global.co.za
- Website: www.nexorsigns.co.za

Follow us on Facebook

# Sport Combo - Limited Stock

*** This price is only valid for March - May 2024**

1 x 1.2Liter Stainless steel Vacuum water bottle
1 x Chill Cooling Sports Towel
1 x Basic Sun Visor

*** Includes only 1 colour branding per item on available space on items (DTF Video Flex / Vinyl)**

**R 420.00 per combo**
March/May 2024




## No More Lice Forever

**Gemaklike optel punte in Villeria + Rietfontein**

***Soos geadverteer voor in die Villeria Dagboekie vir 2024***


21 MAART 2024
MENSEREGTE DAG
TENNIS TOERNOOI
Welcome to moderntennis
www.moderntennis.co.za
BEGINNERS, INTERMEDIER EN GEVORDERDE SPELERS
almal welkom - Gr R/1 groep=mini nette baan
DONDERDAG OGGEND (VAKANSIE DAG)
VOORPOS L/S OF KOEDOEPARK TENNIS KLUB
8:00 - 12:00 NM
R300 PER SPELER
CORNELIA 082-496-9878
LOUIS 061-118-6567
OM IN TE SKRYF

8.

# GAUTENG SCHOOLS CYCLING

## DATES 2024

### GAUTENG SCHOOL SERIES

| PRIMARY SCHOOLS | | |
|---|---|---|
| Event #1 | 24 February | Hazeldean Valley Farm |
| Skills #1 | 9 March | Grootfontein MTB Park |
| Skills #2 | 6 April | Hazeldean Valley Farm |
| Event #2 | 11 May | Prime View Adventure & Leisure |
| Event #3 | 1 June | Die Bosveld |
| Event #4 | 3 August | Steyn City |
| Event #5 | 24 August | Grootfontein MTB Park |
| Interprovincial | 19 October | Harrismith |

GAUTENG SCHOOLS CYCLING